Sondag, 5 September 2021
Lentesondag & Missie Japan

Een vir almal, en almal vir Een!

"... en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede – een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is."
(Efesiërs 4:3-6)

Vriende, ons dink vanoggend ná oor Efesiërs 4 vanuit 'n globale perspektief, belig vanuit 'n Japannese hoek. In die hoofstuk lê Paulus klem op één liggaam, Gees, hoop, Here, geloof, doop, God en Vader van almal. M.a.w. die eenheid spruit voort uit die Drie-enige God self: Gees, Here [Jesus], God [Vader]. Maar dis ook begrond in die kerk: liggaam, hoop, geloof, doop. Binne die liggaam van Christus is genadegawes aan almal gegee, om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam, sodat almal uiteindelik tot volwassenheid groei in Christus.

Efese, as kulturele hoofstad van Klein Asië, was die spilpunt van godsdienstige bedrywighede wat sentreer het rondom die tempel van Artemis. Dis juis hierdie agtergrond wat Paulus geken het en waarskynlik daarom die gelowiges in Efese moes aanspoor om in liefde by die waarheid te bly en so in alle opsigte groei na Christus toe (vers 15). In Japan, met net 1% Christene, laat die oorheersende Shintoïsme, Boeddhisme en ander godsdienste bitter min ruimte vir 'n Christelike lewensbeskouing. Die kerk het geen gevestigde staanplek in die gemeenskap. Al waarborg die grondwet van Japan godsdiensvryheid, ervaar Christene dikwels uitsluiting of verwerping.

Ons as julle gestuurdes bly afhanklik van julle as ons medewerkers se ondersteuning. Ons bedank julle van harte dat julle die lang pad saam met ons stap. Julle is inderdaad saam met ons gestuur, al is julle nie self in Japan nie. My gebed is dat jy deur Efesiërs 4 opnuut sal raaksien hoe die diversiteit van God se kerk in verskillende wêrelddele ons verruim en verryk. Daarsonder is ons armer. Dis deel van ons groei in Christus, van ons volwasse word in die geloof: om toenemend blootgestel word aan God se liefde vir alle nasies. Berg en Dal gemeente is ook hier in Bloemfontein, in Afrika, vir die ganse wêreld. Want daar is één liggaam, Gees, hoop, Here, geloof, doop, God en Vader van almal. *Een vir almal en almal vir Een!*

JL.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur dr. Stephan van der Watt en ons orrelis dr. Johan Cromhout, en die gesinsdiens in die saal, deur ds. Jan Lubbe. Die diens is ook vooraf opgeneem en word via ons weblad, op Facebook en op Berg-en-Dal se You Tube kanaal na alle lidmate wat nie in die kerk kan wees nie, uitgestuur – en selfs tot in Japan!

LITURGIE

Wydingslied:	"God is hier teenwoordig" (Lied 159:1 en 2)
Votum:	(uit Jesaja 49:5-6)
Seëngroet	
Loflied:	"Aan die Vader dank en ere" (Lied 453:1, 2 en 3)
Kindermoment:	(deur Carina v/d Watt, in video-opname en gesinsdiens)
Epiklesegebed	
Skriflesing:	Efesiërs 4:1-16
Oordenking	
Geloofsbelydenis:	Apostolicum
Dankgebed	
Slotlied:	"Helder skyn u lig vir nasies" (Lied 488:1, 4 en 5)
Seënbede	
Orrelnaspel:	"Kom almal, dank die Heer" (Lied 188, Max Reger)

Met dank ook aan ons digitale span wat die uitsending moontlik maak: dr. Johan Cromhout, Winnie Barnard (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (5 September: Missie Japan).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

Meer inligting oor Missie Japan word vanoggend in 'n uitdeelpamflet by die deure voorsien, daarmee ook 'n boekmerk met gebedsgedagtes vir die bediening van die Reformed Church in Japan en hul medewerkers. Vars inligting en die nuusbrief van Missie Japan is te vind by http://www.missiejapan.co.za/

Ander Eredienste:

Sondag, 5 September	18:00 – ds. Johan Marais (*Vriendskap: God se plan vir die mense wat Hy liefhet*, 1 Sam. 23:16-18; pastorale gesprek en Kerkraadsvergadering ná die diens).
Sondag,12 September	09:30 – teol.std. Lunette Visser (Proef-erediens); gesinsdiens in die saal. 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens) 18:00 – Preek van die Leek: Jana Marx, bekroonde joernalis van Netwerk24 en outeur van die boek *"Afspraak met moord: In die kake van die Krugersdorp Kultus"*.

Ons kan tans 50 lidmate per erediens terug ontvang soos hierbó uiteengesit. Tot tyd en wyl daar 'n verandering in die inperkingsmaatreëls kom, nooi ons elke week die ander helfte van die gemeente na die erediens in die kerk (12 September: Wyke 2, 3, en 8-15, wes en suid van die kerkgebou). Gesinne met kleiner kinders is welkom in die kerksaal. Ons gee reëlings ook per sms deur; bly dus so op hoogte.
Kom gesond, onthou jou masker en handhaaf veilige afstand.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

05 Sep	George Fourie, Marilize van Zyl, Elmarie Viljoen, Hanlie Matthee en Cor Jansen v Vuuren.
06 Sep	Angelique du Preez.
07 Sep	Martie Nel en Claudia Janse v Rensburg.
08 Sep	Justus Rabie, Lindi Grobler, Hanneke Lubbe en Jan-Daniël Adendorff.
09 Sep	Dawie Keyser, Elizma v/d Walt en Levi von Wielligh.
10 Sep	Benita Hancke, Meliza Grimbeek, Hannetjie Dippenaar, Jaco Buys, Lize Loots, Gerhard Adendorff en Johan du Raan.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Silma Erasmus (Albrechtstr. 73, wyk 2a); Oom Joos Hefer (Sewe Damme 39, wyk 8b); Brink, Marieta, Abiha en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b). Ons dink aan almal wat ly onder Covid-19 of wat aan't herstel is; ons dink aan onderwysers en dosente; aan dokters en verpleegpersoneel. Mag die Here jul moed laat hou!

Baie sterkte aan die Matrieks, met jul rekordeksamens – ons bid vir kalmte en krag...

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal en die Woordverkondiging Wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die Psalms; *"Voor die aangesig van God..."* 'n Kort video, werksbladsy en stemboodskap met inligting word Woensdag-aande per w/a na jou gestuur. Kontak ds. Jan by 082 784 9362 om in te skakel.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep werk ook aanlyn, oor die tema *Wanneer God beeldryk oor sy kerk praat...* Kontak gerus vir ds. Johan (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In September sorg **Wyk 9** (Blok wes van Hoërskool Sentraal) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680) of die kantoor. **Baie dankie aan Wyke 7 en 8 vir jul bediening gedurende Augustus.**

Kantoorure:
Maandae, Woensdae en Donderdae (08:30-12:30) Rita van Zyl
Dinsdae en Vrydae (09:00-13:00) Adri v/d Berg
Alle personeel is ook per foon of epos bereikbaar.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Het jy al die toestemmingsbrief ontvang, geteken en teruggestuur? Dit gaan om die gebruik en bewaring van lidmate se persoonlike inligting, vir doeleindes van ons gemeentelike lewe – kontak die kerkkantoor en/of ontvang dit op jou selfoon. Baie dankie vir almal se samewerking.

Kerkraadsvergadering: Sondagaand, 5 September om 18:00

BEDIENINGE

Gemeentebediening:
Berg-en-Dal se Kermispadkafee!
Ons nooi jul almal uit: Kom ry op Vrydagoggend en -middag, 17 September by Berg-en-Dal se padkafee in, laai jou bestelling op en vier saam aan ons gemeente se 65ste verjaarsdag! Bestel vooraf kerrie-en-rys, pannekoek, poeding, vars gebak, vars wors en maalvleis, of 'n "Kinderkardoes" (Lucky Packet vir die Kids)! Bestellings vanaf Woensdag, 1 September; ons stuur die "spyskaart" (bestelvorm) na jou... Of, jy kan ook daardie Vrydag inry en by ons Koffiehuis kom aansit vir koek en soetgoed – bespreek betyds 'n tafel... Of verby die Wit Olifant-tafel stap, betaal, inlaai en ry... So, hier is die uitnodiging en 'n vorm waarop jy jou bydrae kan afmerk, vandag in die *Fokus*; ons het almal se hulp nodig!

Jeugbediening:
Belydeniskatkisante – Twee kampe!
Ons herinner alle belydeniskatkisante (Gr. 11's) aan jul kampe: ds. Johan se groep uit Eie Haard 10-12 September te Menuha, en ds. Jan se stadsgroep, 8-10 Oktober 2021. Mag ons saamwees en -leer geseënd wees...

NUUS VAN ELDERS

Te Huur: Groot eenslaapkamer-huis in Sewe Damme te huur; sit/eetkamer, sonkamer, badkamer, gastetoilet en motorhuis vanaf 1 Oktober. Skakel: 082 296 2566.